*Voor die Departement van Afrikaanse Kuns en Kultuur aan die Universiteit Pretoria het mnr. Gerard Moerdyk, die welbekende Suid-Afrikaanse boumeester, Dinsdagoggend 'n lesing oor die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse boustyl gelewer waarvan ons hier die kern weergee: Uit hoofde van die pragtige werk wat hy reeds op die gebied verrig het, kan mnr. Moerdyk met gesag geprat.*

*In die personeelsaal van die Universiteit is terselfdertyd ook, danksy die ywerige werk van prof. dr. M. L. du Toit, hoof van die Departement, 'n tentoonstelling van foto's van mnr. Moerdyk se werk gehou wat groot belangstelling uitgelok het.*

# Die Ontwikkeling van Eie Suid-Afrikaanse Boustyl

## UITHEEMSE INVLOEDE WERK DIT STERK TEEN



*'n Moerdyk-kerkgebou: die kerk van die Ned. Geref. of Herv. gemeente, Pretoria Oos, waarvan die skrywer die boumeester is.*

***DEUR GERARD MOERDYK***

DAAR is in die laaste tyd 'n nasionale ontwaking. Ook die kuns kan daarvan getuig, want nasionale bewussyn werk nasionale kuns in die hand. Met die argitektuur is dit egter nie so gesteld as met die ander vertakkinge van kuns in ons land nie. Vir my is dié feit des te meer verbasend omdat argitektuur dié vorm van kuns is wat die innigste met ons volksbestaan verbonde is, en die omgewing, die dorpe en geboue waarin ons woon, die stempel van ons volkskarakter behoort te dra. Argitektuur is 'n kuns wat op homself staan, skep en bou, niks kopieer en niks namaak nie behalwe homself. Die is groei op sigself; daarom gee dit ons so'n suiwere beeld van die geestesgesteldheid van die mens wat daarvoor verantwoordelik is. Dit is die beste spieël van sy omgewing; daarom word by opgrawings van ou beskawings, in die geboue betrag wat die mense nagelaat het en daaruit lei ons af waarin hulle belang gestel het en watter ontwikkeling hulle op geestelike gebied bereik het. Argitektuur gee die geestesontwikeling van 'n ras of geslag baie beter weer as ander vorms van kuns wat meer met die fantasie te doen het. Dit is 'n kristallisering van geskiedenis.

'n Gebou of stuk argitektuur kan op sigself beoordeel word, maar dit is nie die groot kenmerk van argitektuur nie. Die groot strewe is die ontwikkeling van styl. Ons tref die strewe tot 'n eie kern aan in Suid-Afrika in die boerdery waarin 'n tiepe of ras bees ontwikkel word. Dieselfde kern vind ons in die argitektuur. By die oprigting van geboue volg die boumeester sekere beginsels wat algemeen tref, en waar dieselfde omstandighede voorkom, daar is die oplossing in minder of meerdere mate in dieselfde rigting. So word 'n styl van argitektuur ontwikel, en as ons boukuns van waarde wil voortbring, is die groot saak nie van die ontwerp wat gekies moet word nie, maar die styl waarin die omstandighede van die volk in die tyd waarin die styl ontwerp en ontwikel is, gelees kan word.

Die eerste Europeane, wat die kuste van ons land besoek het, die Portugese, het ongelukkig niks nagelaat nie, ongelukkig omdat die nou gelyksoortige omstandighede die wording van ons boustyl met voordeel kon bevrug het. Die Hollanders is die eerste volk van wie ons iets geërf het. Die groot stoot vorentoe is gegee deur Simon van der Stel, die eerste man by wie die gedagte opgekom het om 'n blywende volksplanting aan die Kaap te vestig. Hy het begin deur die stadsuitleg te maak van Kaapstad, het die Kompanjestuin verbeter en die geskiedkundige eikelaan uitgelê wat vandag nog die trots van Kaapstad is. Dit is uiters jammer dat sy grootse uitlegplan verlore gegaan het, want as Kaapstad beter uitgelê was, sou dit 'n oneindig fra[illegible]r stad gewees het.

Sover ek weet, is daar geen enkele woning vandag nog in die Boland oor wat outentiek uit die tyd van Simon van der Stel dagteken nie. Die ou b[illegible]onings wat ons vandag nog daa[illegible]tref, is almal uit 'n later tyd[illegible]

Om 'n boustyl te ontwikkel is weelde nodig. Die feit tref ons dwarsdeur die hele geskiedenis van die mensdom aan. Die kolossale argitektuur van die Egiptenare was die vrug van weelde van die tyd. Die opkoms van die Griekse argitektuur is eers moontlik gemaak deur die oorlog met die Perse. Die pragtige bouwerke van Rome is te wyte aan die uitbreiding van hul wêreldryk.

Dieselfde gedagte kan ons volg in die ontwikkeling van die Kaapse argitektuur. Die mooiste geboue dagteken uit die tydperk omstreeks 1775 toe die handel met die Ooste gebloei en geld in die jong nedersetting gevloei het. In dié weelde-tyd kon die boukuns ook tot bloei kom, en kon die twee begaafde manne—Anton Anreith en Louis Thibault, hul kosbare werk tot ontwikkeling van ons argitektuur volbring. Die argitektuur van die tyd self is aan die Hollanders te danke, maar die geboue is grotendeels deur Indiese werksmense opgerig, b.v. die pragtige ysterwerk aan die woning van

Anton Anreith en Louis Thibault, hul kosbare werk tot ontwikkeling van ons argitektuur volbring. Die argitektuur van die tyd self is aan die Hollanders te danke, maar die geboue is grotendeels deur Indiese werksmense opgerig, b.v. die pragtige ysterwerk aan die woning van
Martin Melck in Groote Schuur en aan die Kat in die Kasteel. Die argitektuur van die tyd was Frans. Louis Thibault was meer as iemand anders verantwoordelik vir die ontwerp van die geboue en dit is eienaardig dat ons sy invloed meer te sien kry in die klassieke en dié van Anreith in die barokke of Duitse tiepes. In hierdie tyd het dus 'n boustyl ontwikkel wat hom aangepas het by die Afrikaanse omstandighede; daar was definitiewe groei, 'n definitiewe kultuur. Daardie geboue het so te sê uit die grond opgegroei, want alleen dele van die houtwerk het uit Indië gekom. Daar het ons dus 'n suiwere Afrikaanse produk gehad.

Ná die Engelse verowering in 1806 kom totale stilstand. Sedert 1806 is geen geboue van werklike kunswaarde in die Kaap opgerig nie. Argitektuur in ons land het tot algehele stilstand gekom. Waarom? Die oorsaak lê voor die hand. Die Engelse het hierheen gekom ook nie met die doel om 'n kolonie te stig nie, maar om handel te dryf. Die ou Kaapse boustyl was gedoem. Lord Charles Somerset het sy somerhuise probeer invoer, en met die gebruik van ingevoerde stowwe en vreemde arbeid kan geen eie Suid-Afrikaanse boustyl wortel skiet nie.

Maar die Afrikaner-trek beweeg hom weg van die Kaap, ver weg van die neerdrukkende omstandighede. Langsamerhand sien ons hier in Transvaal weer 'n argitektuur verrys en 'n kultuur wat homself voortplant. Die Trekker-boer se huisie het aan die wapad verrys en iets geword wat hom eie was. Na mate beter tye gekom het, het die gedaante van die huisie verbeter totdat 'n definitiewe styl ontwikkel is wat hul eie suiwere eiegoed was.

Maar toe kom die ontdekking van die goud, skielike enorme weelde en 'n massa-instroming van buite. Die hartbeeshuisie deug nie meer nie. In

Pretoria verrys villas met die torinkies, ens., wat weer van buite ingevoer word. Die tyd van weelde duur taamlik lank en die openbare geboue verrys onder dieselfde uitheemse invloed, b.v. die Paleis van Justisie, 'n mooi gebou wat tintel van lewe, maar nie Suid-Afrikaans is nie en meer aan die oewer van die bloue Donau sou pas.

Ek is daarvan oortuig dat as die toestand lank aldus geduur het, die meer sobere element die oorhand sou gekry het en dat ons uit die Europese invloede 'n Afrikaanse styl sou kon skep het. Maar toe breek die Vryheidsoorlog uit. Weer om die Engelse handel aan te help, word Engelse invloede in werking gebring en die styl wat by die Afrikaner al 'n taamlik magtige faktor was, verdring. Daar word geagtieer vir die herstel van die ou Kaapse styl en so ontstaan die goewerneur-generaal se woning waarvan alleen die uiterlike die ou Kaapse styl openbaar en die siel uitheems is, duidelik 'n geval van die hand van Esau, maar die stem van Jakob.

Onder dieselfde Engelse invloede ontstaan die Unie-gebou, waarvan ek niks goeds of kwaads wil sê nie. Dit is sonder twyfel doelmatig, maar 'n Suid-Afrikaanse produk is dit geensins nie. Dit is 'n Engels-Italiaanse renaissance-gebou waarvan die swaardere materiaal Afrikaans maar die ontwerp Engels is. As iemand in latere jare die Unie volgens die Unie-gebou moet oordeel, sal hy tot die gevolgtrekking moet kom dat die geskiedenis van die Unie maar in 1910 begin het. Niks wat ons volk voor daardie tyd geskep het, word daarin weerspieël nie. En dit is op so'n skaal gedoen dat dit nog lank invloed op ons argitektuur sal bly uitoefen.

By die ontwikkeling van 'n eie boustyl het die Afrikaner dus met baie moeilikhede te kampe. Geld is nodig. Die oprigting van groot geboue waarvoor geld wel beskikbaar is, is in hande van die Regering, wat die bou-ontwerpe aan 'n departement oorlaat wat in sy wese klaarblyklik on-Afrikaans is. Miljoene ponde is in die afgelope jare uitgegee sonder dat dit in die geringste mate bygedra het tot die vorming of ontwikkeling van 'n eie Suid-Afrikaanse boustyl. Solank die Departement van Openbare Werke die werk in ons land doen, kan ons op geen verbetering hoop nie omdat 'n uitheemse styl van buite op ons afgedwing word. Dit is my oortuiging dat die grootste weldoener van die beeldende kuns in Suid-Afrika die man sal wees wat die Departement die beheer in hierdie saak ontneem, sodat die volk self kan meewerk tot opbou van 'n nasionale boustyl in Suid-Afrika.